Nuusbrief 168

15 Oktober 2010

Geagte Lid,

SAWPA VOORSITTER

Mnr. Dave Mullin is by die onlangse Algemene Jaar Vergadering, gehou op 22 September 2010, onvoorwaardelik verkies as die Voorsitter van SAWPA. Sy insette en agtergrond in die behandelingbedryf word hoog op prys gestel en ons is bevoorreg om hom as die nuwe Voorsitter van die Assosiasie te hê.

HOUTBEHANDELINGSHANDVES

Die Houtbehandelingshandves wat deur sommige lede aangevra is by die onlangse streeksvergaderings, is reeds gepos. Enige lid wat nog nie die Handves aangevra het nie en graag een wil bekom, moet asseblief vir Sue by SAWPA kontak.

HOUTVERSKAFFERS

SAWPA het die afgelope tyd 'n aantal versoeke gekry oor wie om te kontak vir roumateriaalverskaffing. Een leidraad was SAFCA (South African Forestry Contractors Association). Hulle het 'n lys van bosboukontrakteurs op hulle webtuiste: www.safca.co.za

NUWE SAWPA BROSJURES

- Die brosjure "Timber Treatment and the Law" is opgedateer om die veranderinge in die wetgewing aan te spreek. Aangeheg is 'n elektroniese weergawe. Die gedrukte weergawes sal voor die einde van die jaar beskikbaar wees.
- Die Chemiese Forum het skouer aan die wiel gesit om die 'Protocol for the Approval of Wood Preservatives' in samewerking met die Registrateur van Wet 36 van 1947 op te dateer en die finale dokument is nou ook beskikbaar by SAWPA.

FITOSANITÊRE SERTIFIKATE

SAWPA het op die 12de Oktober 2010 'n vergadering met die Direktoraat - Landbou Produkinspeksiedienste gehad. Die doel was om die moontlikheid te bespreek vir die vereenvoudiging van die proses om plantgesondheidsertifikate te bekom, en om die koste wat daarmee saamgaan te verminder vir primêre houtbehandelaars wat behandelde hout uitvoer na lande wat die sertifikate vereis. Die Departement was baie inskiklik vir die motivering wat ons aan hulle gemaak het en het SAWPA versoek om 'n konsep prosedure/raamwerk op te stel vir oorweging.

NUUSBROKIES

- Die SAWPA webtuiste is onlangs opgedateer. Besoek asseblief die webtuiste by www.sawpa.org.za en gee gerus u kommentaar deur aan ons. SAWPA het gedurende Julie en Augustus 2010 onderskeidelik 14143 en 16520 besoeke aan die webtuiste gehad.

- “Complete Environmental Services” het ‘n unieke diens geloods om ontwikkelaars en aansoekers te help wanneer hulle moet bepaal of omgewings toestemming nodig is ir beplande ontwikkeling/uitbreiding en indien wel, wat die proses is wat gevolg moet word. Besoek asseblief hulle webtuiste www.completenvironmental.co.za of skakel met Sue vir meer inligting.
- SAWPA het, as lid van “The Wood Foundation”, deelgeneem in die onlangse “Interbuild” skou wat ook die amptelike bekendstelling van die “The Wood Foundation” was. Ons het ook die onlangse Sabie Bosfees bygewoon en het van die geleenthede gebruik gemaak om ons bedryf te bevorder.

“INTERBUILD” SKOU HUIS

WOOD FOUNDATION HOEKIE - SABIE BOSFEES (ARCH WOOD PROTECTION STALLETJIE)

BRUCE BREEDT

SAWPA accepts no responsibility for any claim made in this newsletter.